PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

23 April 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie Welkom : Program van die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Sunell Ribbens
10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale
17:00 Buffelsfonteindiens

Deurkollekte: MTR Smit

Program vir die Week :

Woensdag: 26 April
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
Donderdag: 27 April
Publieke Vakansiedag : Vryheidsdag
Vrydag: 28 April
Kantoor gesluit a.g.v. langnaweek

Hoogland kom ons neem hande

en bid hierdie week saam vir reën,

veral in ons opvangsgebiede

Dag zero is 'n realiteit!

HOOGLAND KK EN K
KOOR- KOS- & KUIERFEES

4 & 5 MEI 2023

KOORFEES : 4 Mei om 18:30

Die laaste Kaartjies is NOU beskikbaar @R35 om dit by die huis via "*livestream*" te kyk. Die res is ongelukkig UITVERKOOP!!

Daardie Donderdagaand is dit "*moms night off*". Al kom woon jy nie die Koorfees by nie is jy steeds welkom om te kom stop vir aandete! Daar is heerlike kerrie & rys, boereworsrolle, samoesas en "*jaffels*" in die saal te koop tussen 16:00 - 19:00, tesame met 'n snoepie en 'n koffie-kuier-winkel vol snoepgoed.

KKenK Veiling : Vrydag, 5 Mei om 18:30

Veilingsitems tot op hede -

Naweek vir gesin van 4 in die luukse Krystal Beach Hotel in Gordonsbaai.

Bed & Ontbyt ingesluit

Naweek vir 'n gesin van 4 by Grootnek Gasteplaas net buite Joubertina.

... en nog vele ander items!

Die veilingspan is egter steeds opsoek na nog items om op te veil, bv "*airfryer*", gemaklike kampstoele, heel lammers, ens. Gesels gerus met Leon / Annnalize!

HOOGLAND KK EN K
KOOR- KOS- & KUIERFEES

4 & 5 MEI 2023

KOS- & KUIERFEES : 5 Mei vanaf 16:30

Stalletjie konvenors: Kontak asseblief vir Annalize / Leon met enige navrae rakende jou stalletjie. Produkte kan nou enige tyd afgehaal word ter voorbereiding vir jou stalletjie, veral die poedingtafel en die baksters.

Bemarking: Neem asseblief 'n pakkie KKenK pamflette (*flyers*) in die Voorportaal en gooi gerus in jou meenthuis-kompleks en ook sommer in jou straat se posbusse! Nooi gerus jou bure om saam te kom KKenK!!

Motorruit advertensies: Neem asseblief een en help so met bemarking in die stad waar u rondbeweeg!

Plaasstal: vra asseblief na enige ingelegte produkte, handwerk items, gevrieste maaltye om as geheel te verkoop, ens.

Tuisgebak tafel: Neem asseblief een van die leë koek en terthouers in die Voorportaal en bring dit gevul met iets soos jou eie sjokolade–, of wortelkoek asook melk-, suurlemoentert, of enige tuisgebak op Vrydag, 5 Mei. Hulle benodig ook lekker kolwyntjies, tuisgebakte beskuit, kleinkoekies, ens.

Lekkergoed tafel vra nog vir enige lekkergoed vir "*sweetie* pakkies", klein pakkie skyfies, ysies, ens. en VERAL OOK outydse partytjie "*sweets*" bv. windmeultjies óf motortjies óf oulike mandjies met allerlei los lekkers in.

Kindervermaak: Carla vra asseblief vir klein pryse wat die jongspan kan wen met al die speletjies, bv "*bubbles*", velle met "*stickers*", "*slime*", mooi penne, ens.

Die plaasstal, tuisgebak– lekkergoed- en poedingtafel se klaar verwerkte items moet asseblief teen Vrydag, 5 Mei om 12:00 by die kerkkantoor afgegee word om te prys en reg te hê vir die Kuierfees wat om 16:30 afskop!

Baie, baie dankie vir elke basaar bydrae wat ontvang is! Dit getuig van 'n lewe wat geleef word deur liefde en wat oorgaan tot dade!

Uit die Hart

Ons is die afgelope tyd opnuut herinner aan Jesus se onbaatsugtige liefde. Luister na die aangrypende storie van 'n kleine ou seuntjie wat op sy manier in Jesus se spore gevolg het:

In die boek "*The Sacred Romance*" vertel die bekende skrywer John Eldredge hoe hy, terwyl hy as 'n jongman as vrywilliger werk in 'n hospitaal gedoen het, 'n agtjarige dogtertjie leer ken het wat aan 'n seldsame, lewensbedreigende siekte gelei het. Haar enigste kans op oorlewing was 'n bloedoortapping en die enigste geskikte skenker was haar vyfjarige boetie. Hy het as baba op wonderbaarlike wyse dieselfde siekte oorleef en dus sou sy bloed die teenliggaampies bevat wat haar liggaam nodig gehad het om die siekte te beveg.

Die dokter het met die mannetjie gesels om te hoor of hy kans sien om vir sy sussie bloed te skenk. Die dokter het verduidelik dat hy op 'n bedjie langs hare sou lê en dat hulle dan met 'n pypie bloed uit sy liggaam na hare sou "oortap". Die seuntjie het 'n rukkie geaarsel. "Is my bloed ál wat kan help om Sussie gesond te maak?" wou hy vir oulaas weet.

"Ja, boet," het die dokter ernstig gesê. "Dit is net jou bloed wat daardie 'goetertjies' bevat wat haar lewe kan red." Eldredge vertel dat hy gesien het hoe die seuntjie diep asemhaal en toe sy koppie knik. "Dis reg so, dokter, ek sal dit doen! As Sussie gesond word, sal Mamma en Pappa ook weer begin lag en vrolik wees." Die oortapping moes onverwyld plaasvind, en terwyl die seuntjie daar lê, was sy ogies vasgenael op sy sussie se bleek gesiggie. Na 'n hele rukkie kon almal sien hoe die kleur in haar wit gesiggie begin terugkom.

Die dapper mannetjie het onwillekeurig geglimlag en sy duimpie in die lug opgesteek in 'n "Dit werk!"-gebaar. Maar toe val sy gesiggie merkbaar en die glimlag verdwyn uit sy oë. Hy het na die dokter opgekyk en met 'n bewerige stemmetjie gevra: "Hoe lank nog voor my bloed in my sussie oorgeloop het? Sal ek dan dadelik doodgaan?"

Hy het die dokter misverstaan en gedink hy moes al sy bloed gee om sy sussie se lewe te red, en dat hy self nie langer sou kon lewe.

Hy was nietemin bereid om dit te doen.

Ds Sunell